

Juanita Du Plessis

"Dagboek Van 'n Ma"

Visit "[Dagboek Van 'n Ma](#)" on MotoLyrics.com

Soms kan ek vir ure net verwonderd na jou kyk
As jy speel en lag van pure plesier
Soms kan ek in stilte net na jou gesiggie kyk
Dan weet ek jy is van bo gestuur
Mamma, tyd gaan gou verby en vinnig word ek groot
Ek wens ek kon nog sit hier op jou skoot
Jou lewenspad is uitgelê en niemand kan dit keer
Om hoog te vlieg is wat ek jou wil leer

Sweef saam met my op die rug van die wind
En ek sal jou wys waar jou hart is my kind
Als kan vergaan maar my liefde bly staan
Want jou hart is aan myne gebind

[Koor]

Ek is hier as jy 'n vriend wil hê wat saam kan lag en
huil
Ek is hier, ek hou jou altyd vas, en ek sal dit nooit
verruil
Ek is hier om elke traan te vee, en alles te kan gee
Ek is hier, my kind, ek is hier

As ek dan eendag weggaan, na die huis vir jou en my
Mamma, sal ek jou altyd onthou
Daar waar ek vir jou wag sal jy by my kom bly
En ek weet dat God Sy hand oor jou sal hou

Sweef saam met my op die rug van die wind
En ek sal jou wys waar jou hart is my kind
Als kan vergaan maar Sy liefde bly staan
Want jou hart is aan myne gebind

[Koor]

Hy is hier as jy 'n Vriend wil hê, wat saam kan lag en
huil
Hy is hier, Hy hou jou altyd vas, en Hy sal dit nooit
verruil
Hy is hier om elke traan te vee, en alles te kan gee
Hy is hier, my kind Hy is hier

Ek is hier as jy 'n vriend wil hê wat saam kan lag en

huil

Ek is hier, ek hou jou altyd vas, en ek sal dit nooit
verruil

Ek is hier om elke traan te vee, en alles te kan gee

Ek is hier, my kind, ek is hier

Ek is hier....

Visit [Juanita Du Plessis](#) page on MotoLyrics.com, to get more lyrics and videos.

[MotoLyrics.com](#) | Lyrics, music videos, artist biographies, releases and more.